

6 SEPTEMBER

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 82
FOKUSGEDEELTE: PSALM 82:8**

God maak jou in Christus vry teen die onreg van die wêreld

Ons goeie God het “vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel” (NGB, art. 36). God verwag van die owerhede om alles in ’n land deur goeie staatsbestuur volgens goeie orde te laat verloop.

Helaas! Owerhede is ook deel van die verdorwe menslike geslag. In plaas van goeie staatsbestuur, tas die owerhede dikwels die aardse lewe tot in sy fundamente aan. In plaas daarvan dat hulle die inwoners van die land goed regeer, sodat die inwoners rustig en met godsvrug kan lewe, gebeur die teenoorgestelde. Die ellende van die weeskind, die mens in nood, die hulpelose, die behoeftige en die arm mens in nood word deur die ondeurdagte en onregverdige optrede van die owerhede vererger. Owerhede wat fondse wat aan hulpbehoewendes toegewys is, vir eie gewin aanwend, en inwoners van ’n land in hierdie moderne tyd steeds as slawe verhandel, is maar enkele voorbeelde van owerhede en magte wat onregmatig optree!

Bo die onregverdige owerhede en magte troon die God van reg. Hy is die Koning van die konings en die Regter van die regters. Hy oordeel die onregverdige owerhede van hierdie gebroke wêreld. Hy oordeel ook die bose magte wat die owerhede van die aarde aanhits.

Jesus het self slagoffer van die onregverdige aardse owerhede geword. Hy is onskuldig veroordeel en het onskuldig met sy lewe geboet aan die kruis op Golgota. Juis deur die onreg tot die einde te verdra, is Jesus die waarborg van elke gelowige se reg by God. God se regverdige uitspraak behels verlossing en vryspraak vir elke ware gelowige wat aan Hom behoort.

Vir elke ware gelowige in Christus loop God se regverdige uitspraak uit op die ewige hemelse reg wanneer Jesus Christus weer kom. Jy sal saam met Christus in ewigheid regeer. Maar vir elke onregverdige owerheid wat sonder Christus regeer, loop God se regverdige uitspraak uit op ewige oordeel en vernietiging! Die Heilige Gees verseker jou van Jesus se wederkoms en Hy bid saam met jou die volgende gebed: Kom tog, o God! Lewer uitspraak oor die wêreld, want al die nasies behoort aan U. Amen! Kom Here Jesus!

Sing: Skrifberyming 5-4:1- 6

Ds Johan Nel (Akasia)